30 Oktober 2012

Geagte volksgenoot van die Geloftevolk van Suid Afrika

Hiermee die besluite van Volksvergadering 5 - 7 Oktober 2012 te Majuba.

Die vergadering was 'n hoogtepunt sedert Volksvergadering 2009 te Vegkop. Daar was deurgaans eensgesindheid en groot ywer dat die Geloftevolk die Aangesig van ons Hemelse Vader sal soek in ons ganse volksbestaan. Ook was daar die versugting dat ons die Volksgeloftes sal nakom en dat ons bede voortdurend sal wees dat JHWH [die HERE] ons in staat sal stel om die Bloedriviergelofte te volbring deur die stigting van 'n soewereine volkshuishouding onder die koningskap van JaHoshua Messiag (Jesus Christus) die Seun van God (JHWH). Die referate is beskikbaar op www.volksvergadering.co.za asook op facebook: Volksvergadering - Soek My en julle sal lewe.

## Besluite van die Volksvergadering van die Geloftevolk te Majuba - 5 – 7 Oktober 2012.

1. Verslag oor die invloed van geheime organisasies op ons volkslewe

   Die verslag het hoofsaaklik die invloed van die geheime Afrikaner Broederbond (AB) behandel. Die kernaspek naamlik dat 'n klein groepie mense hul mag uitoefen deur 'n netwerk wat onsigbaar en onevalueerbaar is vir die **populasie** met die doel om die samelewing slaafs in 'n vooraf beplande rigting te beweeg, is Skriftuurlik onverdedigbaar. Die AB het groot voordeel vir die volk bewerk in die ontworsteling aan die Britse Imperialisme, maar het ook 'n bepalende rol gespeel in ons huidige konstitusionele onderwerping aan vreemde magte.

   **Besluit 1**: Dit is dringend noodsaaklik dat die invloed van geheime organisasies volkome uitgeskakel sal word in die toekomstige Teokratiese volkshuishouding wat in die vooruitsig gestel word.

   Die partypolitieke sisteem word verwerp en 'n regeringstelsel waar God self regeer moet ingestel word.

2. Verslag oor die okkultiese besoedeling van ons Volksmonumente

   Die verslag bring verdere getuienis dat die "Groot Vyf", naamlik die Voortrekkermonument (Pretoria), Voortrekkermonument (Winburg), Vrouemonument (Bloemfontein), Taalmonument (Paarl) en die Hugenotemonument (Franshhoek) almal swaar okkulties besoedel is. Hoewel deurgaans majestueus by die aanskoue daarvan en hoewel die volk grotendeels daarvan onbewus is, het die argitekte onbetwisbaar die okkultiese simboliek van die Vrymesselary gevestig in die strukture wat bedoel is as gedenktekens waardeur ons volk aan ons vaders en moeders eerbied en dank wil betoon vir die pad wat hul geloop het onder die voorsienende Hand van ons Hemelse Vader.

   **Besluit 2**: Hoewel dit met 'n beswaarde gemoed gedoen word, mag ons volk nie anders nie as om ons fisies en geestelik te distansieer van sodanige monumente. Die vergadering bevestig hiermee opnuut die besluit van Volksvergadering 2011 te Orania vir solank as wat die okkultiese binding daarin vergestalt word. Ons vaders en moeders het ons immers voorgegaan as knegte van die ALLERHOOGSTE, die HERE (JHWH).

3. <u>Verslag oor die ondersoek na die eet van afgodsoffers</u>

Verslag is gedoen oor die implikasies van verskeie godsdiens-georiënteerde etikette wat op voedsel aangebring word waardeur daar vir die Christen verbruiker bykans geen alternatief meer bestaan nie. Die Skriftuurlike begronding waarvolgens Christene hul van hierdie voedsel moet weerhou is toegelig asook die wyse waarop Christen gelowiges sodanige gelowe finansieel onderskraag wat neerkom op geestelike hoerery. Inligting is verskaf oor die verloop van 'n regsproses waar 'n groep Christen gelowiges, ingevolge ruimte wat die Grondwet bied, poog om die godsdienstige merk van voedsel in ooreenstemming te bring met die demografiese verteenwoordiging van die verskillende geloofsgroepe.

**<u>Besluit 3</u>**:

a) Die Vergadering ondersteun ten volle die regsproses soos gevoer deur die Anti-Halaal Christen Koalisie met groot waardering vir die werk wat alreeds in die verband gedoen is.

b) Die Vergadering besluit om met volle toewyding ons self te weerhou van alle vorms van verontreinigde voedselprodukte en dat die volk dienooreenkomstig ingelig moet word.

4. <u>'n Konsepwetsontwerp, die Burgerdienswet word voorgelê</u>

Teen die agtergrond van die Bybelse Tempeldiens as skadubeeld, bepaal die Konsepwet dat die Huis van Bloedrivier, naamlik die Staatshuishouding van openbare dienste en die handhawing van wet en orde in Gelofteland, deur Burgerdiensplig verrig sal word waarby die hele volk deurlopend in diensbeurte betrokke sal wees.

**<u>Besluit 4</u>**: Die Konsepwetsontwerp word aanvaar vir toepassing in die te stigte Teokrasie van Gelofteland.

5. <u>Betekenis van die vervulling van die Bloedriviergelofte</u>

'n Indiepte navorsingsverslag word voorgelê waarin verskillende ondersoeke en gesigspunte oor die betekenis van die 1838 Gelofte opgeweeg word, veral m.b.t. die bou van die sogenaamde Geloftekerk as vervulling daarvan. Die Skriftuurlike agtergrond, asook die geloofsuitlewing van ons voorouers word hiermee in verband gebring. Die Vergadering word daarop gewys dat die voorheen oorwoë standpunt, nl. dat die onderneming in die Gelofte van Bloedrivier "om 'n Huis te stig", behels dat 'n volkshuishouding tot eer van die HERE (JHWH) nagestreef sal word en bereik sal word deur die totstandkoming van 'n soewereine Teokrasie van die Geloftevolk waar dit Hom behaag.

**<u>Besluit 5</u>**: Die vergadering neem met dank kennis van die voorlegging en bevestig op grond daarvan 'n besluit van Volksvergadering 2009 dat ons volk se vrywording alleenlik geskoei moet word op ons Volksgeloftes en dat die herdenking van die geloftes jaarliks nagekom moet word.

6. <u>"Die Pad Vorentoe" dokument word voorgelê</u>

‘n Kroniek oor die verloop van handelinge wat uitvoering gegee het aan besluite op Volksvergadering 2009 (Vegkop), 2010 (Nampo) en 2011 (Orania) word ten aanvoring vir “Die Pad Vorentoe” in oënskou geneem. Hierdie kroniek van verslae en besluite vorm die basis ter bereiding van soewereiniteit vir die Volk wat verbind is aan die inhoudelike van die Volksgeloftes en die Bybel. Hierdie soewereiniteit is nie in die hande van mense nie, maar in die Hand van die Beskikker van die lotgevalle van alle volke. Die dokument skets die verloop van die konstruktiewe opbou van noodsaaklike voorbereiding vir ons volk se geestelike restourasie asook konstitusionele posisionering om prakties uitvoering te kan gee aan die voorgenome stigting van die Huis van Bloedrivier.

Die dokument verduidelik hoe soewereiniteit in verband staan met die Volksgeloftes, asook verwag kan word op grond van die Bybelse profesie in Sef. 3. Die Geloftevolk verkeer vandag onder strafgerig van volksmoord, marteling, verkragting, gewapende roof en dies meer. Die beëindiging hiervan moet by die volk self gesoek word en nie by die beskerming van die agitators nie. Die oplossing is eenvoudig, maar tog ingrypend vir die volk. Dit lê in sy geheel opgesluit in Ps. 33:22 en Ps. 34:23, naamlik “Die goedertierenheid van die HERE sal **net só** wees as wat ons op U wag...” almal wat by Hom skuil hoef nie te boet nie.” Die dokument kan afgelaai word by www.volksvergadering.co.za.

**Besluit 6**: Die vergadering neem met dank kennis van die dokument en doen daarop ‘n beroep op die Geloftevolk dat ‘n Teokratiese volkslewenswandel nou reeds nagestreef moet word deur JaHoshua Messiag [Jesus Christus] as Koning in ons lewens te erken deur Sy gebooie te onderhou. Dit sal gekenmerk word deur eensgesindheid en liefde tot ons hemelse Vader en mekaar.

7. Grondwetlike ruimte vir die voorbereiding van die Huis van Bloedrivier

‘n Oorsig word gegee oor die ondenkbare wyse waarop die Blankes sedert 1990 deur middel van grondwetwysigings van vryheid tot volslae onderwerping aan ‘n swart meerderheidsregering gemanipuleer is. Die parallel word getrek met die Skrifverwysing in Jes.52:3, naamlik “Vir niks is julle verkoop, julle sal ook sonder geld gelos word”. Hoewel die 1996 Grondwet, wat deur die ANC opgestel is, baie min weerspieël van die welwillende gesindheid wat die 1994 tussentydse grondwet ten grondslag gelê het, waarin grondwetlike ruimte geskep is vir die totstandkoming van ‘n soewereine Afrikaner Volkstaat, bestaan daar tog nog huidiglik wetlike ruimte vir die Geloftevolk om voorbereiding te tref vir die totstandkoming van ‘n soewereine volkshuishouding. Met die oog op die Profetiese Woord in die Skrif moet die Geloftevolk in geloofsverwagting met ywer voorbereiding tref.

**Besluit 7**: Die Vergadering besluit dat die ruimte wat die huidige Grondwet ons bied benut moet word ten einde voorbereiding te tref vir die totstandkoming van die Huis van Bloedrivier.

8. ‘n Vorige geskilpunt m.b.t. die agtergrond van Nuwe Testamentiese Grondtekste word ter tafel gelê en verdere toeligting aangaande Afrikaanse Bybel-vertalings word voorgelê

Aan die hand van gesaghebbende navorsing word die ontstaan van die United Bible Society se Griekse grondteks vanuit die minderheidstekste, die Vaticanus en die Sinaiticus, wat die nuwe Afrikaanse vertalings ten grondslag lê, voorgedra. Parallel hiermee word die ontstaan van die Griekse grondteks naamlik die Textus Receptus waarop die 1933/53 Afrikaanse vertaling berus,

behandel. Hierdie grondteks het die Hervorming ten grondslag gelê en is opgestel vanuit meerderheidstekste soos oorgedra vanaf die oorgelewerde tekste vanuit die vroeë gemeentes.

**Besluit 8**: Die Vergadering bevestig dat die 1933/53 Afrikaanse Bybel tans as ons enigste betroubare Skrifbeskouing gehandhaaf word, soos gebaseer op die Ou-Testamentiese Masoretiese teks en die Textus Receptus as die Nuwe Testament. Die Vergadering besluit dat in die lig van navorsing wat reeds in die verband gedoen is, die volk hieromtrent ingelig moet word.

9. Die brief van Jopie Fourie aan die Volk word voorgelees

'n Brief wat die Boereheld, Jopie Fourie, enkele ure voor sy teregsteling aan sy volk geskryf het, bring tydlose bemoediging vir sy volk in hul stryd om soewerein vry te wees. Die primêre grondslag om Godsgerigte volk te wees, word sterk beklemtoon.

**Besluit 9**: Die Vergadering neem met dank kennis van die herinnering aan Jopie Fourie en ander volksgenote wie hulle lewens vir ons volk afgelê het en vir ons voorgangers in die geloof was. Jopie se laaste boodskap ter bemoediging van sy volk vir die toekoms, word met waardering aangehoor.

10. Geestelike reinheid in die pad vorentoe

'n Breë Skrifondersoek oor die geestelike voorbereiding van 'n Godvresende volk word voorgelê. Wanneer ons volk in die vooruitsig stel om op 'n geloofsgrondslag as vrye volk gevestig te word, sal geestelike reinheid en die bekering van ons mense 'n fundamentele voorvereiste wees.

**Besluit 10**: Aansluitend by **Besluit 6** bevestig die Vergadering dat dit noodsaaklik is dat 'n Teokratiese lewenswandel dringend by ons volk bevorder moet word aangesien die evangelisering van ons eie mense volgens Bybelse opdrag ons primêre verantwoordelikheid is.

11. Stigting en Liefde

'n Skrifgefundeerde juridiese beskouing oor die praktiese uitlewering van die Wet van die HERE (JHWH) word aan die vergaderinge voorgelê. Argument word gevoer dat die volmaakte uitlewing van die Wet neerslag vind in die samevatting wat Christus daarvan gee. Die sigbaarheid en belewing van Wetsgehoorsaamheid in die Volksgemeente sal dus gekenmerk word deur die algemene openbaring van liefde jeens mekaar. Vir solank wedersydse liefde en respek afwesig is by die grootste deel van ons volk, is ons op Skriftuurlike regsgronde onvolwasse om 'n soewereine Teokratiese Staatsbedeling te verwag. Die som van die 16 elemente van die liefde soos uiteengesit in 1Kor.13 het stigting ten gevolge en is dit nie moontlik om effek te gee aan die begrip stigting sonder die elemente van die liefde nie.

**Besluit 11**: Die Vergadering bevestig dat die praktiese onderhouding van die Wet van die HERE (JHWH) 'n voorvereiste is vir die ordelike en getuienisdraende bestaan van 'n Godsgerigte Volksgemeente. In aansluiting by **Besluite 6 en 10** moet 'n Teokratiese lewenswandel ter stigting van die Huis van Bloedrivier nou reeds in praktyk gevestig word.

12. <u>Die Geloftevolk binne dogmatiese verband</u>

Sekulêre lewensbeskouing en Skrifuitleg as bronne van volksverdeeldheid word in oënskou geneem.

As loot van die Hervorming ingelyf in die Nuwe Verbond, sal volkseenheid ter stigting van die Huis van Bloedrivier slegs verkry kan word in die belydenis wat sentraal staan in die ganse Skrif naamlik: "Elkeen wat bely dat Jesus/JaHoshua die Seun van God (JHWH) is - God bly in hom en hy in God (1 Joh.4:15). Deur Hom het ons Vader Sy liefde tot ons geopenbaar en deur Hom alleen sal ons kan lewe (1 Joh.4:9).

**<u>Besluit 12</u>**: Die Vergadering bevestig dat die Huis van Bloedrivier slegs gestig kan word wanneer eenheid in die volk bereik sal word in die belydenis dat hierdie Jesus/JaHoshua, deur Wie ons aanbid en Wie in die Skrif openbaar word, die Seun van God (JHWH) is.

13. <u>Volksondes</u>

'n Indiepte Skrifbegronde voorlegging is gemaak wat aantoon dat die sondes van die volk van God (JHWH), 'n skeidsmuur vorm tussen die volk en God (JHWH). Die Volk as entiteit moet hierdie sondes bely en ophou sondig. Ons Volk as entiteit kan ons Hemelse Vader se seën verwag indien ons in ootmoed gewilligheid openbaar om vir Hom 'n getuienis-volk te wees. Net so kan God (JHWH) die Volk as geheel onder strafgerig plaas sodat sy haar kan bekeer van haar verkeerde weë, soos wat tans die geval is.

**<u>Besluit 13</u>**: Die Volksvergadering aanvaar dat die huidige ellendige toestand waarin ons volk verkeer neerkom op strafgerig en dat die beëindiging daarvan verwag kan word wanneer ons as volk ons sondes identifiseer, bely en ophou sondig.

14. <u>Nuwe Suid-Afrikaanse Volkslied en die Christendom</u>

Getuienis word voorgelê dat die Volkslied, Nkosi sikelel i Afrika, nie neerkom op aanbidding van die "Witman se God" wanneer dit as strydlied teen die witman deur die ANC meer as honderd jaar terug gesing was nie. Die sing van hierdie lied deur verskillende swart volke was gegrond op eerbetoon aan die gees van die voorvaders. Die Afrikaanse gekorrupteerde vertaling daarvan skep 'n wanbegrip dat die Heilige Gees van God - Drie-Enige, aangeroep word. Met die sing daarvan roep Christen gelowiges onwetend die swart voorvadergeeste aan.

Indien dit so is dat ons volk by sy sport-afgodstempels en ons kinders in die skole Afrika se voorvadergeeste aanroep, moet ons volgens die Skrif niks anders as ons Hemelse Vader se droefheid verwag nie. Dan is daar vir ons volk geen daeraad in vooruitsig nie.

**<u>Besluit 14</u>**: Die Volksvergadering besluit dat aanbeveel word dat ons volk haar sal weerhou van die sing van Nkosi sikelel i Afrika en dat indringend ondersoek ingestel word met betrekking tot dogmatiese- asook regsposisie daarvan.

15. Kommunikasie

Die Vergadering word daarop gewys dat dit dringend noodsaaklik is dat die volk bekostigbaar moet kan kommunikeer. Verslag word gegee van die omvang van die Volksdatabasis.

**Besluit 15**: Die Volksvergadering doen 'n beroep op volksgenote om die databasis te help uitbrei en kan data voeg by vrkomitee@gmail.com of www.volksvergadering.co.za